



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 3 Junie 2012

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladysy	Lied	Bladysy
1.	Psalm 34:1 & 4	Bl. 166	Psalm 150:1	Bl. 719
2.	Psalm 86:1 & 6	Bl. 431	Psalm 34:4 & 6	Bl. 167
3.	Psalm 84:1 & 2	Bl. 424	Skrifberyming 7-1:1 & 3	
5.	Psalm 149:1 & 2	Bl. 716		

BYBELSTUDIE GROEPE

SONDAG 3 Junie 2012

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 6 Junie 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Naskoolse Voetsoldate .

SKOOLVERLATERSKAMP

- Tema: Ken die Here persoonlik
- Wanneer: 8-13 Julie 2012
- Koste: R600
- Vir verdere inligting kontak: Paul Vogel 084 440 2199
- paulkrugervogel@yahoo.com



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 3 Junie 2012

Nommer 17

WERKLIKHEID VAN DIE SONDE

In sy gedig *BALLADE VAN DIE BOSE* beskryf NP van Wyk-Louw die werklikheid van die sonde op 'n treffende wyse:

Waarheen? Vir wie?

ek is nie skoon

of aaklig nie

en waar hulle vlug

daar dra hulle my mee

in die grys-wit groewe

van die senuwee

Wat is die sonde dan?

Ek is jou wese

se ondergrond

en ek trap in jou spoor

soos 'n goeie hond

..... as jy wil vlug

uit die stad wat brand

dan vlug ek saam

soos 'n vrou aan jou hand.

In gesprekke met gelowiges en tydens Bybelse begeleiding in die pastorale spreekkamer het dit my telkens opgeval hoe mense die sonde onder- skat. Sonde is 'n onverklaarbare, verskriklike werklikheid. Sonde is onlogies, dwaas, sleg, en die vrugte van die sonde is *altyd bitter*. Sonde kom na ons toe in die masker van vreugde, van gemeenskap, van geluk en plesier, maar die einde daarvan is altyd smart, eensaamheid, ongeluk.

- Die sonde maak nes in jou beste bedoelings en reinste gedagtes.
- Sonde is soos voënt in 'n olienhoutboom.
- Die sonde soek jou ondergang en jou dood.

[Vervolg op bl.11]

2.

SIMBAAL 3 Junie 2012



PREKE VANDAG

Ds. Andre de Jager



Oggenddiens Tema: DIE VREDE OM GOD VADER TE NOEM

Lees: Matteus 5:3-12

Teks: Matteus 5: 9

Die woord wat met vredemakers vertaal is, het die betekenis van iemand wat soek na en werk vir vrede.

Maar omdat ware vrede alleen in die Here kan wees en alleen Christus hierdie vrede kan bewerk is kan ons alleen vredemakers wees deur die Woord van die Here, die wonderlike genade van God in Jesus Christus te verkondig en uit te leef. Dit beteken ons maak vrede deur die vrede met God deur Jesus Christus te vertel en uit te leef.



Aanddiens Tema: VRYGESPREK DEUR CHRISTUS EN NIKS ANDERS NIE

Lees: Galasiërs 5:1-12

Teks: Galasiërs 5:4

Sondag 11 Heidelbergse Kategismus

Wanneer ons self wil bydra tot ons verlossing dan sê ons daardeur dat Jesus beperk is, dat Hy ons nodig het, terwyl dit tog eintlik anders om is.

Jesus Christus is nie beperk tot die natuurlike verloop van dinge nie. Hy is nie beperk om op 'n bepaalde tyd sekere dinge te doen nie. Hy stel die beperkinge en bepaal die tye omdat Hy in beheer is van die hele skepping.



SIMBAAL 3 Junie 2012

II.

Dit help nie om oor sonde in geleerde taal te praat nie. Sonde is prakties en dit lê jou voor in die praktyk van die lewe. In die alledaagse. Die sonde het so in die alledaagse gekom. God het 'n man en vrou geskep en hulle in die Paradys, die tuin van Eden geplaas om God se skepping te bewerk en op te pas [Gen.2:15]. Hulle is op die aarde geplaas as God se verteenwoordigers [Gen.1:26-28]. Soos met vriende het God in die Paradys met Adam en Eva saamgeleef [Gen.3:8]. En toe, sommer eendag, so goedsmoeds in die koelte van die boom van alle kennis word hierdie geskape vriende van God sy vyand. Die mens word 'n verraaier van God, 'n owerspeler agter God se rug. Eva kon die versoeking van die Satan nie weerstaan nie [Gen.3:6]. Sy het die verbode vrug gepluk en geëet en ook aan haar man, Adam gegee, en hy het ook daarvan geëet.

En toe?

Toe het die vrug bitter geword in hulle monde. Hulle kruip vir God weg. Hulle is skaam vir mekaar. Hulle vrees toe hulle die voetstappe van hulle Skepper hoor wat al nader en nader na hulle toe kom [Gen.3:7-8].

Sedert hierdie donkerste moment in die geskiedenis van die mensdom loop elke mens dieselfde dwase en gedoemde pad. Die rimpelings van die sondeval het al wyer en wyer uitgekring in die skepping van God. Die gevolge van die sonde tref die man, die vrou en die ganse skepping [Gen.3:16-19]. Vanweë die sonde breek vyandskap in al sy felheid uit op die aarde [Gen.3:15]. Die swaard sal nie uit die huis van die mens wyk nie want hy het God verag.

- ▶ Daar is net een moontlikheid van verlossing, en dit is deur die Seun van God.
- ▶ Sonde is vir God so *ernstig* dat Hy dit met die ewige dood straf.
- ▶ Omdat geen mens die straf kan dra nie stuur God die Vader sy Seun om die sondeskuld te betaal.
- ▶ Om dit te kan doen moet Jesus die veragtelike kruisdood sterwe.

Dink jy nog sonde is sommer niks? Maak jy jou sonde af met 'n skouerophaling? Jy sal vinnig tot ander insigte moet kom. Wat vir God 'n saak van erns is, moet vir jou ook 'n saak van ewige erns wees. Anders gaan God jou in die saak van die verlossing verby!

Sonde kan jy nie alleen aanpak nie want sonde laat hom nie vasvat in formules of definisies nie. Mense kan maar tot vervelens toe vra "is dit sonde?" of "is dat sonde?" Jy kan nou maar tevergeefs speel met kamma definisies. Die feit is – die sonde is 'n werklikheid van die lewe wat ons nie kan wegredeneer nie. As jy die krag daarvan ken sal jy jou toevlug en jou redding in Jesus Christus soek. Dis die enigste antwoord want met jou eie krag alleen sal jy verlore gaan omdat die kwaad vir jou te sterk is. Die sonde sit in die grys-wit groewe van die senuwee en dit trap in jou spoor soos 'n goeie hond. In wese is sonde ongehoorsaamheid aan

God. Jy kan dus weet dat indien jy nie doen wat God in sy Woord vra nie dit sonde is. Gehoorzaamheid is die antwoord op sonde.

Dr. Nico van der Merwe

10.

SIMBAAL 3 Junie2012

NAMIBIË UITREIK 2012

Die studente van Gereformeerde Kerk Cachet vertrek hierdie jaar (29 Junie-7 Julie) weereens op ons jaarlikse uitreik na Drimiopsis, Namibië. Hierdie uitreik dien as steun vir die Gereformeerde Kerk Sanveld. Die uitreik word finansiële gedra deur borge van ander gemeentes en fondsinsamelings wat die uitreikers self hou. Die bestuur wil u ook graag nader en vra dat u ons moontlik bystaan met finansiële bydrae, sodat ons weer, op ons beurt, daarmee die inwoners van Drimiopsis kan bystaan (d.m.v. Bybels, kospakkies en bouprojekte) of benodighede vir die uitreikers kan aankoop.

Bankbesonderhede: Namibië Uitreik Hulpprojekte

Rek. nr. 3833 1290 243 ABSA, Takkode: 335-138

Verwysing: Namibië, [naam/rede vir skenking]

Bewys van betaling na: marnix.boersema@gmail.com

BORG – 'N - BYBEL



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.
5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoefertjie by die kerk inhandig.

SIMBAAL 3 Junie2012

3.

LIEF EN LEED



- **Johan en Betsie Rust** het die afgelope tyd besondere lief en leed in hul gesin ervaar. Hulle het die vreugde beleef van die geboorte van 'n kleinseun, John Helfrieck (3.6 kg) op 21 Mei, terwyl hulle seun, Conrad, 'n besondere prestasie beleef het. Hy was deel van 'n span wat in Kroasië met 27 lande in 'n danskompetisie meegeding en met die eerste, tweede en derde plekke weggestap het. Aan die ander kant gaan Betsie se broer, Pieter, en haar skoonsuster, Sylvia Gildenhuys van Wolmaransstad, deur 'n baie moeilike tyd nadat longkanker by Sylvia gediagnoseer is. Pieter en Sylvia se seuntjie, EW (2 jr.), het ook 'n kwaadaardige gewas in sy nek. Ons deel in hierdie gesin se vreugde en leed en wens hulle Gods rykste seën toe.
- Ons bid die skoonseun van **Dr Nico en Tersia van der Merwe** 'n vinnige beterskap toe.
- Ons gebede gaan saam met **Petra Swanepoel, Alicia Swanepoel en Karen du Plessis**. Petra se vader, Piet van Staden (Alicia en Karin se oupa) word vandag uit die Gereformeerde kerk Stilfontein begrawe. Ons die familie die troos en die krag van die Here toe.

•


KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensie optree. Van die sprekers wat sal optree is: **Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar, Marius Storm** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees. **Inskrywingsvorme** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en

KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
03 Junie	Barmhartigheid	Teologiese Studentekas	
10 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds	
17 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds	
24 Junie	Barmhartigheid	Bybelverspreiding	
			
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 3 Junietot Saterdag 2 Junie 2012			
Sondag 3 Jun ie	Oggenddiens/Nagmaal	09:30-10:30	
Sondag 3 Junie	Katkisasie Les 13	10:30-11:15	
Sondag 3 Jun ie	Aanddiens/Jeugdiens	18:00-19:00	
			
TEESKINKBEURTE			
Sondag 03 Junie 2012		Wyke 03 & 04	
Sondag 10 Junie 2012		Wyke 05 & 06	
Sondag 17 Junie 2012		Wyke 07 & 08	
Sondag 24 Junie 2012		Geen teeskink – Vakansie	
Sondag 1 Julie 2012		Geen Teeskink – Vakansie	
			
VERJAARDAE			
3 Junie2012 tot 9 Junie 2012			
04 Junie	Jelani White	Wyk 25	018-468-3820
05 Junie	Johan Rust	Wyk 10	018-462-7231
05 Junie	Wilma Hall	Wyk 09	072-552-3358
05 Junie	Jedrienne Jacobs	Wyk 17	018-468-6309
06 Junie	Martin Kruger	Wyk 21	083-269-4527
06 Junie	Heindrich Scheepers	Wyk 23	018-477-1883
07 Junie	Elsabe du Plessis	Wyk 16	018-468-3305
08 Junie	Gert Lindeque	Wyk 19	082-890-7655
08 Junie	Helene van Zyl	Wyk 05	018-468-1178
09 Junie	Marius Hitge	Wyk 07	018-468-1178
Van harte geluk met jou verjaardag hierdie week. Die seën van die Here word jou toegebied.			

jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie Met dank Prof. dr. Gert Breed (TSP)

4 SIMBAAL 3 Junie2012



SIMBAAL 3Junie2012

9.



SUSTERSVERGADERINGS

SUSTERSVERGADERINGS WOENSDAE - 2012	BESTUURSLID AAN DIENS VIR DIE MAAND
6 Junie	Wilna van der Merwe
JULIE – geen vergadering	Isabel de Jager
1 Augustus	Marietjie van Aswegen
5 September	Sophia van der Merwe
10 Oktober	Magda van der Walt
7 November	Mariana Aucamp
DESEMBER – geen vergadering.	Kotie/Bets



SUSTERSVERGADERING 6 JUNIE 2012

Al die susters is welkom om 'n **Sosiale-Sop-en-Sjerrie aand** saam met ons te geniet. Ons gaan heerlijk smul en kuier en Heila Nortman ('n suster van ons gemeente) van die Daphne Lee Berskermde

Werkswinkel gaan vir ons meer vertel van hulle werksaamhede. Daar sal ook van die produkte wat hulle mak uitgestal word en te koop of op bestelling aangebied word. Verder gaan ons net kuier.



DIE DIAKONIE Sê DANKIE

Hartlike dank van die diakonie se kant af

* vir al die lidmate wat met soveel liefde Winterbederfpakkies vir die seuns van die Bonsai-groep, President Kruger Kinderhuis, Pretoria, gepak het. Dit sal binnekort by hulle afgelewer word.

* vir die lidmate wat aangebied het om te help met leesondersteuning by Huis 3, Rethabile Kinderhuis. Waardevolle werk word daar gedoen en die kinders baat baie daarby. Ons verwelkom graag susters wat nog nie voorheen vergaderings bygewoon het nie- kom geniet die aand saam met ons. Die broeders is ook welkom.



8. SIMBAAL 3 Junie2012

ONTFERMING BY DIE TROON

Lees: 1 Konings 13:23-34

Teks: 1 Konings 13:28

1 Konings 13 vermeld 'n aangrypende stukkie geskiedenis wat inderdaad ook verbysterend is. Dit gaan oor 'n ongehoorsame profeet.

- God stuur die profeet uit Juda om Jerobeam te vermaan oor sy sonde (13:1).
- Gepaardgaande met wonderbare tekens kom God se boodskap tot Jerobeam (vs. 3-6).

Die profeet self het ook vir Jerobeam 'n waarskuwende teken geword. God het die profeet uitdruklik verbied om geen brood te eet of water te drink in die land waar die afgode aanbid word nie (vs. 8-9). Hy moes ook met 'n ander pad na Juda terugkeer (vs. 9). Op pad word hy egter deur 'n ou profeet wat hom bedrieg oorreed om na sy huis te kom en by hom te kom eet (vs. 14-19). God se oordeel is egter oor die ongehoorsame profeet voltrek. 'n Leeu het hom op pad aangeval en doodgemaak (vs. 24). "Die leeu het nie die liggaam gevreet nie" (vs. 28). Selfs die donkie wat by die liggaam van die profeet gestaan het, is nie deur die leeu aangeval nie. Mense het hulle oor die ongehoorsame profeet ontferm en hom in die graf van die ou profeet begrawe (vs. 30). Hulle het selfs oor hom getreur en geweeklag: "Ag my broer" (vs. 30). Te midde van die bewyse en

aanduidinge van God se toorn, is daar ook tekens van God se genade en barmhartigheid.

- Vir die gelowige Jood in die Ou Testament hang die begrafnis en hiernamaals saam.
- Deur in die familiegraf van die ou profeet opgeneem te word, het vir die ongehoorsame profeet beteken dat hy deur God vasgehou is en toegang het tot die hemel.

Dit is genade. Genade verdien 'n mens nie, jy koop dit nie, jy verwerf dit nie. Dit word jou geskenk. Daarvan kan ons ook getuig. Die kerk lewe in ontrouheid en ongehoorsaamheid teenoor die Here. Ten regte moet die strafgerigte van God ons tref. Sy straf beantwoord aan sy eer. Daarom oordeel God sy kerk ook. Swaar tye van vervolging, versoeking en leiding kom oor die kerk vanweë versaking van die roeping.

- God bly egter dink aan sy genade.
- Al is daar die uitwendige (liggaamlike) verdwyning, word die lewe tot in ewigheid tog geskenk.
- Dit is tot troos.

Dit dien ook as prikkel tot selfondersoek en bekering. In die krisis, wat daar is vanweë ons sonde, bly God ons heil.

Dr. Nico van der Merwe

SIMBAAL 3 Junie2012

5.

Liewe Gemeente,

Ek is nie iemand wat juis skryf nie maar soms moet ek, en vandag doen ek dit want dit gaan oor die 55 Plussers se byeenkoms Vrydagaand 25 Mei 2012.

Ons was nie baie nie: daar was verskonings van Vic en Magda van der Walt, Oom Pottie en Tannie Susan Potgieter, Martin en Sophia van der Merwe. Charl en Daleen Du Plessis, Hennie en Sanet Fourie, Oom Ben en Tannie Judy van Zyl, Alf en Riana White en Abrie en Bonnie Lotter en nog ander wie se name ek nie het nie. Baie welkom aan André en Rina la Grange wat vir die eerste maal by ons aangesluit het. Ons is so bly, André en Rina, dat julle gekom het!

Die aand se tema was Kieriestories en Kuierkos. Ons moes aantrek soos uit die ou dae. Koos en Rina van den Berg – Rina met haar spierwit Voortrekkerkappie en Koos met sy robvel- stewels en weglê-kraag hemp met 'n pragtige krawat en onderbaadjie met sakhorlosie en ketting kompleet; Chris en Ansie van Vuuren (het die twee nou nie gelyk soos 'n presidentspaar nie) ; André en Rina uitgevat soos 'n

ambassadeurspaar uit een of ander Britse Kolonie. Die skoeisel wat André aangehad het, was sy pa se trouskoene. Ons ander was so hier uit die sestigs aangetrek. Die platemusiek in die agtergrond, het daarby gepas: Elizabeth Serenade deur die Gunther Kalmann-koor, Dean Martin met “Send me the pillow that you dream on” – net vir Francois en Christa – en ook Francoise Hardy met haar besondere sangstem en musiek uit die vyftigerjare.

Dan kom die mooi van die ou-ou verlede: Boekevat soos ons dit as kinders geken het. Koos van den Berg het spesiaal vir die 55 Plussers uit Prediker 12 gelees, die deel van die wit amandelblom en die wagters van die huis wat sal bewe en die malers wat sal ophou maal omdat hul min geword het, die geluid van die meul wat dof word. Koos het dit op sy tipiese manier vir ons voorgelees – sodat dit gevoel het ons sit as ‘n gesin om die tafel. Dan ook ons missie uit Habakuk 3:Al sou die vyeboom nie bot nie nogtans sal ek in die Here jubel. Hy het met gebed gevolg en ons het met Ps. 130 geantwoord. Dit was Boekevat: hoe bevoorreg was ons nie om dit saam te kon deel nie, broers en susters saam as kinders van God.

6. SIMBAAL 3 Junie2012

Ria Kruger en Alida Buys het vir ons vertel van goedjies en klere wat hulle nog van hul ouers en voorouers koester: So iets kosbaars wat hul met ons gedeel het, dit wat net hulle s’n is. Dit is dan dat mens besef wat dit beteken om so bymekaar te kan kom, dat ons werklik broeders en susters in geloof is want ons deel met mekaar en ons is daar vir mekaar. Dankie, Ria en Alida.

Martie Venter het toe vir ons uit Engels voorgelees van die tyd toe “hardware” nog by ‘n winkel te koop was en “software” nog glad nie bekend nie en “gay” nog opgewek, opgeruimd beteken het. Dit was toe ons nog kinders was en OVERS gespeel het met ‘n tennisbal wat oor die huis se dak gegooi is, krappe en krewes gespeel het op die JV se jaareindfunksie. Toe ons nog wegkruipertjie gespeel het, jou ouers vir jou gesê het dis Antjie Somers se tyd en dat Harige Handjie jou speelgoed en klere vir ander kinders gaan gee as jy dit nie voor donker in die huis gaan bêre nie. (Dit is waaraan jy gedink het toe sy dit in haar beste Brits voorgelees het.)

Hennie Venter het toe voorgelees “Hoe om ‘n skaapkop te eet”. Ons het gou besef dit is nie vir ons almal bedoel om te hoor hoe jy met jou Paul

Kruger-knipmes die wange afsny en dit wat jy nie eet nie, vir jou foksterriër, Pistool, gee. En na jy jouself goed volgeëet het dat jou gesig lyk soos ‘n blink soldatestewel en jou arms drup van die vet, dat jy badkamer toe gaan en ‘n groot glas ENO’s drink!

Toe eet ons van die lekkerste kos wat die Plussers gebring het. Francois het weereens gesorg vir ‘n geurige potbrood en die konfyt daarby: aai-jaai-jaai, dit was nou kuierkos op sy beste: kerriefrikkadelle, bobotie, beesstert, hoenderpastei, slap-hakskeentjies, pampoekoekies, jodetert, asynpoeding en nog meer. So tussen die voorgereg en nagereg lees Chris van Vuuren sy broer se brief voor. Vertel vir hom van tydelike predikante voor nuwe predikante en Hollanders wat katteskoue wil hou en nog ander gemeenteskinderstories. Alles in tipiese Chris van Vuuren-styl. (Hou asb. aan Chris – dit het ‘n instelling geword!) Daar was ook ruimte vir kostelike kenmerke uit daardie dae. Na ete vertel Rina van den Bergh vir ons die storie van die “Kleinhuysie” Almal van ons ken die spesifieke huisie en al die dinge wat dit betref. Ja, daar was “double seaters” en daar was steen- en sink-huisies.

SIMBAAL 3 Junie2012 7.

Die op die plase het al menigmaal gesorg vir groot pret vir die jonges. Slang en ander ongediertes het ook daar gewoon, wat ook gesorg het vir menige wat uit die huisie storm. Daar was ook nooit ‘n tekort aan leesstof nie, veral die Landbou Weekblad. Rina vertel ons van ‘n “double seater” wat gesorg vir baie pret: die jonges het blykbaar ‘n luidspreker geïnstalleer, waar ‘n stem dan op ‘n gegewe moment sou sê: « Skuif anderkant toe, ons is besig om hierdie kant te werk! »

So kuier ons die aand en gesels ons hier en daar en hoor ons van mekaar se familie en kinders en lag en huil ons maar saam. In die gemeente is daar ‘n baasstorieverteller en ek dink ou Jan Spies sou jaloers gewees het want hy vertel ware familiestories, soos net hy dit kan doen – Peet Buys. Wanneer hy ‘n storie vertel, gaan haal hy iets van dié kant af en jy sal dink dit het niks met die storie te doen nie, maar Peet bring die spulletjie netjies bymekaar vir die slotgedeelte en dan....dan lag jy jou slap wanneer hy die storie op sy unieke manier afsluit. Jy besef dan ook hoe kinderlik die ou mense was voor God. Peet, jy moet vir ons nog vertel want dit is so eg en waar.

Toe sluit Peet die aand af met gebed, en ons antwoord daarop met die sing van die Aandgesang,

Aan U o Heer my dankgesange

Dit was 'n aand wat nie maklik vergeet sal word nie, ja, soos al die ander kere wat ons Plussters bymekaar gekom het.

Liefdegroete

Een 55 Plusster van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord



TEE IN DIE SAAL NA DIE DIENS

Die gemeente drink almal vanoggend saam tee en u word genooi vir iets te ete in die saal.

Die susters het die spesiale verrassing gereël vir ons lidmate bo 80 wat vanoggend hier kan wees.